# Die Kruin-o-gram

Uitgawe 2 13 Desember 2020

## Psalm 126

Psalm 126 moet saam met Psalm 85 gelees word, waarin dieselfde vorm gebruik word om identiese omstandighede te skets. Aangesien Israel dikwels nasionale rampe beleef het, is die soort psalms gereeld gebruik om die hoop in die harte van die Gods volk lewendig te hou.
Die vraag is nou: wat beteken hierdie psalm vir die kerk? Die kerk was immers nog nooit in ballingskap nie. En om dit te vergeestelik daardeur van toepassing te maak op ons sonde bring mee dat ons iets ekstra in die bedoeling van die Psalmskrywer inlees.

Vir die psalmis is die terugkeer uit die ballingskap belangrik omdat die tempel en Jerusalem die middelpunt van sy godsdiens simboliseer. Daar woon God. In die ballingskap was hulle verwyder van die gemeenskap met God en van hulle medegelowiges. Dit beteken trane en verdriet (126:5-6). Terugkeer uit ballingskap bring hernude gemeenskap, lewe en blydskap (126:1-3).

Die middelpunt van ons geloof as Christene is ons verbintenis met God en met mekaar deur Jesus Christus. Vir ons geloof is Jesus se opstanding sentraal. Hy het eenmaal self na Sy dood en opstanding verwys en gesê: “As ’n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een; maar as hy sterwe, bring hy ’n groot oes in” (Johannes 12:24). Dit stem ooreen met Psalm 126:5 wat sê: “Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring.” Die Psalmskrywer gebruik as sentrale gedagte die beeld van ’n oes vir die terugkeer uit die ballingskap.

God se volk kyk terug na 'n vorige keer toe die Here hulle gered het, en dan bid hulle: "Verander tog ook nou ons lot, Here..." (vers 4). Maar die vryheid wat God gee kan niemand ontvang en ervaar as hy nie waarlik berou het oor sy eie sonde nie.

Eers as jou hart bedroef is oor wat jy God aangedoen het en ’n opregte voorneme het om te verander het jy waarlik berou oor jou sonde. Die Heilige Gees bring hierdie berou in ons harte deur ons van ons sonde te oortuig en ons te verseker van God se liefde en vergifnis.

Hoe meer jy geestelik groei en die wonderlike liefde en vergifnis van die Here Jesus leer ken, hoe meer sal die sonde wat in jou oorgebly het vir jou 'n bron van diep weemoed wees.
Dan kry jy ook bewoënheid met ander se geestelike nood. Dan gaan jy na die strate en die gangetjies en die paaie en die lanings, en dring by verlore mense aan om in te kom sodat die Here se huis kan vol word (Lukas 14:21 en 23).
Die Here weet van al ons trane. Kyk na Psalm 56:9: “U het op my trane gelet. In u boek staan hulle opgeteken.” Alhoewel God ons nou al troos deur sy Gees en Woord sal die Here
Jesus met sy wederkoms self al die trane uit ons oë wegvee.

## Liturgie

### Verwelkoming

Gebruik gerus hierdie tyd om jouself geestelik te fokus en te nader tot God.

### Votum & Seëngroet

'n Uitroep oor die karakter en identiteit van die Here wat ons dien.
- Psalm 123 -

### Loflied

- Kom nou tesaam (LB 154) -

### Skriflesing en Oordenking

- Psalm 126 -

### Wil van die Here (Wet)

- Psalm 53:2-3 -

### Skuldbelydenis

- Soos ‘n Wildsbok (LB 163)

### Vryspraak

- Psalm 85:10-11 -

### Seën en Amen

Ons word gegroet met 'n seënbede waarop ons antwoord met 'n amen.
-

# Delf dieper

## Verander ons lot

### 1) Na mekaar:

1. Hoe lyk jou Skoolrapport?
2. Is jy tevrede met die punte wat jy gekry het?



### 2) Na God:

1. Lees Psalm 126

a. Wat val jou op? Wat in die gedeelte raak jou hart?
b. Watter vrae maak hierdie gedeelte in jou wakker?

2. Hoe het Jesus ons lot verander?

### 3) Na mense:

1. Hoe kan jy ander mense wys dat Jesus jou lot verander het?

# Jesus het ons lot kom verander

Psalm 126

Kan jy laas week se vraag onthou? As jy nie kan onthou nie, hier is die vraag:

Hoekom dink jy was Jesus die grootste geskenk ooit vir ons?

Het jy al uitgevind hoekom?

Voordat ons daarby uitkom, gaan lees eers die week se teksgedeelte.

Kyk veral na vers 4 wat sê: "Verander tog ook nou ons lot, Here…"

Kom ons kyk eers vinnig wat die woord 'lot' beteken. Jy het miskien al van "destiny" gehoor. Jou "lot" is jou "destiny" - dit wat bedoel is om met jou te gebeur in die toekoms.

Die rede hoekom Jesus die grootste geskenk is wat vir ons gegee is, is omdat Hy ons lot kom verander het. Hoe het Hy dit gedoen? Hy het dit gedoen toe Hy aan die kruis gesterf het en weer opgestaan het uit die dood. Met dit het Jesus ons "destiny" kom verander omdat al ons sondes daardie dag vergewe is. Daarom kan ons vir ewig saam met God en in Sy teenwoordigheid lewe. Dit is die antwoord op die vraag.

Is dit nie die wonderlikste geskenk wat jy ooit kon ontvang nie?

Jy kan nou die volgende prentjie inkleur.



## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 13 Desember** | |
| Gerrie Jamneck | 012 804 6033 |
| Bjorn Marais | 083 718 8422 |
| Alexi Olivier | 082 804 2527 |
| Angelique Stoltz | 072 337 0679 |
| Issie Swart | 012 803 4758 |
| | |
| **Maandag 14 Desember** | |
| Hardus Fourie | |
| Liam van Eeden | |
| | |
| **Dinsdag 15 Desember** | |
| Chantel Buys | 072 570 9394 |
| Jason Combrinck | 084 589 6369 |
| Fredre van der Merwe | 012 803 0050 |
| Van van der Merwe | 012 804 0931 |
| Zane van Staden | 076 815 9395 |
| | |
| **Woensdag 16 Desember** | |
| Ruan Auret | 072 514 5289 |
| | |
| **Vrydag 18 Desember** | |
| Retha Fouche | 083 289 5129 |
| Hardus Vos | 012 332 0862 |
| | |
| **Saterdag 19 Desember** | |
| Lindi Gerber | 082 339 6506 |
| | |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Maxie Laubscher
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen - Susan Bianchina
Rita Pieters - Yvonne Lombard

**GESONDHEID**
Hilie Green - Mimi Fourie

**OPERASIES**
Sonia-Marié Kleynhans - Francois Booyse
Izienne Grib - Johan Van Wyk - Richard van Tonder

**AFSTERWE**

**SWANGERSKAPPE**
Beyers en Liezel Slabbert - Runé en Eckard Erasmus

**ONS BID OOK VIR**
'n Egpaar in ons gemeente met ernstige huweliksprobleme
die Matriek eindeksamen




**Webtuiste:**
**silvertonkruin.com**

**Facebook:**
**@Silvertonkruin**

**Instagram:**
**@Kruinjeug_ng**

**Youtube:**
**www.youtube.com/c/Silvertonkruin**



**Kerkkantoor:**

**Telefoon: 012 804 3577**
**Faks: 086 545 7151**
**e-posadres:**

**admin@silvertonkruins.co.za**

**Kerkkantoor ure:**
**Maandae - Vrydae 09:00 - 13:00**